higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

28 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	C
	1.1.3	C
	1.1.4	D
	1.1.5	B
	1.1.6	D
	1.1.7	B
	1.1.8	A
	1.1.9	A
	1.1.10	C

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Waar
	1.2.4	Waar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Onwaar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Onwaar
	1.2.10	Waar

(10 × 2) (20)

1.3	1.3.1	E
	1.3.2	A
	1.3.3	B
	1.3.4	C
	1.3.5	D

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Is 'n toestand waarin 'n persoon of gemeenskap nie oor die finansiële hulpbronne en noodsaaklikhede beskik om 'n minimum standaard van lewe en welstand te handhaaf, wat as aanvaarbaar deur die samelewing beskou word, nie. (3)

2.1.2
- Dood van 'n broodwinner✓
  Geen inkomste sal aan die familie voorsien word indien die broodwinner sterf nie.✓✓
- Gesondheid✓
  Gesondheid kan veroorsaak dat 'n persoon sy of haar werk verloor en as gevolg daarvan sal daar geen inkomste wees nie.✓✓
- Aftrede✓
  Ouderdom veroorsaak lae inkomste en gevolglik sal basiese behoeftes nie voorsien word nie.✓✓
- Tekort aan vaardighede✓
  Moderne werke benodig meer vaardigheid en selfdissipline as wat jare terug benodig is. Pogings om vaardighede te verbeter word benodig vir indiensnamedoeleindes.✓✓
- Agterbuurt omgewing✓
  Dit lei tot 'n armoedesiklus. ✓✓

(Enige toepaslike 4 × 3) (12)

2.2 2.2.1 Begrotingstekort kom voor wanneer die staat se inkomste (ontvangste) laer is as die staat se betalings. (3)

2.2.2 Begroting is 'n plan oor hoe om die inkomste van die staat versprei moet word onder gemeenskappe. Dit word gebruik om te wys hoe inkomste versprei sal word onder die departemente. (3)

2.2.3
- Inkomstebelasting
- Lisensiëring
- Ekonomiese ontwikkeling d.w.s. tolhekke. (Enige 2× 1) (2)

2.3 2.3.1 4 960 biljoen✓ + 1 520✓ – 5640 biljoen✓
= -R840 biljoen✓ (4)

2.3.2 840 + 900 – 420✓✓
= R1 320 biljoen✓✓ (4)

2.3.3 1 320 – 180 + 195✓✓✓
= R1 205 biljoen✓✓ (5)

2.3.4 R1 320 - R1 205✓✓
= R115 biljoen✓✓ (4)

2.4
- Verminder ongelykheid/armoede. In 'n kapitalistiese ekonomie, kan daar 'n toename in ongelykheid/armoede wees. Dit kan te wyte wees aan oorerfde welvaart en geleentheid. Dit kan ook te wyte wees aan monopoliemag. Die regering kan die behoefte voel om te verseker dat almal gelyke geleenthede het, byvoorbeeld deur die voorsiening van opvoeding sodat selfs dié van arm families die kans het om kwalifikasies te verwerf. Dit kan ook die herverspreiding van inkomste van hoë verdieners tot lae-inkomsteverdieners behels, byvoorbeeld deur progressiewe belasting soos hoër inkomstebelasting en die voorsiening van middeletoetse voordele soos inkomstehulp/-behuisingsvoordeel en staatspensioene
- Die rol van 'n maatskaplikewelvaartstaat is om die minimum standaarde vir 'n goeie lewe te skep vir sy burgers deur die voorsiening van onderwys, pensioene, mediese sorg, behuising en beskerming teen die verlies van werksgeleentheid of besigheid.
- 'n Maatskaplikewelvaartstaat skep die geleentheid om te verseker dat die burgers gelyke geleentheid het vir 'n goeie lewe.
- 'n Ekonomiesewelvaartstaat plaas klem op die ekonomiese welvaart van die individu en is gebaseer op demokratiese waardes en vryehandel, met die minimum staatsinmenging in die aktiwiteite van die individu.
- Die doel van 'n ekonomiese welvaartstaat is om 'n omgewing te skep waarin 'n individu vry is om sy/haar persoonlike ekonomiese welvaart te ontwikkel. Dit sal haar/hom in staat stel om na sy/haar persoonlike welvaart om te sien.
- Die regering reguleer die verhoudinge tussen individue deur 'n onafhanklike strafregplegingstelsel gebaseer op gemeneregbeginsels.

(Enige 5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Desember (2)

3.1.2 R338 000 × 0,02 = R6 760✓✓
R338 000 + R6 760 = R394 760✓✓ (4)

3.1.3 Desember is 'n baie besige maand en die vraag na goedere en dienste is baie hoog. Mense leen geld om te spandeer. Die inflasiekoers verhoog om mense af te sit van koop af.
(Enige ander toepaslike reaksie) (3)

3.1.4
- Salaris en loon verdieners✓
  Die werkers is slegter af indien hulle versuim om hul werklike lone en salarisse op dieselfde vlak te handhaaf as voor die algemene verhoging. Verhoging in pryse bevoordeel SARS as salarisse van tyd tot tyd aangepas word.✓✓
- Debiteure en Krediteure✓
  Debiteure trek voordeel as hulle hul skuld betaal met geld wat verswak het, soos die koopkrag van geld afgeneem het.✓✓
- Beleggers✓
  As die inflasiekoers hoer is as die effektiewe rente wat verdien is op die belegging, sal die belegger 'n verlies ly wat beteken dat spaargeld heeltemal sal verdwyn.✓✓
- Die entrepreneur✓
  Entrepreneurs trek voordeel hieruit omdat hulle prysverhogings op die verbruiker kan toepas.✓✓ (12)

3.2
3.2.1 Deelbaarheid
3.2.2 Draagbaarheid
3.2.3 Relatiewe aanbod
3.2.4 Duursaamheid
3.2.5 Aanvaarbaarheid

(5 × 2) (10)

3.3
- Natuurlike hulpbronne✓
  Natuurlike hulpbronne, d.w.s. goud in Suid-Afrika, word uitgevoer na ander lande wat nasionale inkomste verhoog.✓
- Arbeid✓
  Vaardige arbeiders produseer goedere en dienste van 'n goeie kwaliteit wat nasionale inkomste verhoog.✓
- Kapitaal✓
  Kapitaal in die vorm van goedere kan meer goedere skep wat verkoop kan word en nasionale inkomste verhoog. Kapitaal in die vorm van geld beteken 'n land kan beleggings maak.✓
- Entrepreneur✓
  Daar is 'n tekort aan entrepreneurs in Suid-Afrika. As hulle vermeerder kan word sal dit nasionale inkomste verhoog.✓ (4 × 2) (8)

3.4
- Verwys na die totale waarde van alle goedere en dienste wat produseer is deur die permanente landsburgers binne 'n tydperk van 1 jaar.
- Verwys na die totale waarde van goedere en dienste produseer binne die grense van 'n land binne 'n tydperk van 1 jaar. (2 × 2) (4)

3.5
- Dit is 'n geïntegreerde sosio-ekonomiese beleidsraamwerk.
- Demokratiese regering moet 'n hoofrol speel in die bou van 'n ekonomie wat die geleenthede om te produseer bied.
- ALLE werkskeppingsprogramme moet spesifiek vir vroue en die jeug voorsiening maak.
- Genereer programme om werkskepping aan te spreek. (Enige 3 × 2) (6)

3.6 Waar (1)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Januarie 2016 (2)

4.1.2 26,6 – 24,5 = 2,1
2,1/24,5 × 100
= 8,57% (3)

4.1.3 Werkloosheid verwys na 'n situasie waarin 'n persoon gekwalifiseerd is en na werk soek maar dit nie kry nie/nie gewillig is om dit te aanvaar teen die huidige loonkoers nie. (3)

4.1.4
- Seisoenale werkloosheid
- Tegnologiese werkloosheid
- Sikliese werkloosheid
- Strukturele werkloosheid
- Wrywingswerkloosheid (Enige 3 × 2) (6)

4.2
- Die mate waartoe werknemers opgelei word. 'n Hoër loon word betaal vir geskoolde arbeiders as nie geskoolde arbeiders.
- Die duur en koste betrokke by opleiding. 'n Dokter se opleidingskursus kos meer as dié van 'n onderwyser.
- Aanleg vir 'n sekere werk speel ook 'n belangrike rol.
- Lone verskil volgens die verantwoordelikheid van die werknemer. Hoe meer die verantwoordelikheid, hoe hoer die salaris.
- Lone word ook beïnvloed deur die reëlmatigheid en onreëlmatigheid van die beskikbaarheid van die werk.
- Die wette op vraag en aanbod van arbeid, beïnvloed ook die lone.

(Enige 4 × 2) (8)

4.3
- Om doeltreffende benutting van die produksiemiddele te verseker.
- Om te verseker dat die produksieproses in 'n ordelike manier funksioneer.
- Die entrepreneur doen moeite om die sosio-ekonomiese doelwitte van die staat te bevorder.
- Wetgewing beskryf die raamwerk waarin die onderneming moet werk.

(Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Natuurlike hulpbronne
- Klimaat
- Kenmerke van arbeid
- Capita
- Heterogene behoeftes van die mense
- Inkomste
- Gevestigde nywerhede
- Internasionale migrasie
- Ontwikkeling van infrastruktuur
- Koste verskille (Enige 2 × 2) (4)

4.5
4.5.1 300
4.5.2 300
4.5.3 750
4.5.4 375
4.5.5 1 350
4.5.6 900
(6 × 2) (12)

4.6
- Tydloon is die vergoeding wat 'n werknemer verdien na hy/sy vir 'n sekere hoeveelheid ure/tydperk gewerk het.
- Stukloon is die vergoeding wat ontvang word deur 'n werknemer na die voltooiing van 'n sekere opdrag. (2 × 2) (4)

4.7 Oordragbetaling (2)
[50]

VRAAG 5

5.1
- Om te onderhandel vir lone en werksomstandighede
- Om verhoudings tussen werkers (sy lede) en die werkgewer te reguleer
- Om kollektiewe aksie te neem om die terme van kollektiewe bedinging af te dwing
- Om nuwe eise namens sy lede in te stel
(Enige ander toepaslike 4 × 4) (8)

5.2
- Bankinstellings
- Versekeringsmaatskappye
- Bouverenigings
- Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika
- Investec Bank Beperk
- Poskantore (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Volle indiensname✓
  Om werkloosheid en onderindiensneming te verminder moet die staat voldoende geld op sosiale en ekonomiese oorhoofse koste spandeer. Hierdie besteding sal help om meer werksgeleenthede te skep en produktiewe doeltreffendheid van die ekonomie verhoog.✓✓
- Prysstabiliteit✓
  In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika openbaar ekonomiese onstabiliteit in die vorm van inflasie. Monetêre maatstawwe word dan toegepas om die inflasie te verlaag en die pryse te stabiliseer.✓✓
- Versnel die koers van ekonomiese groei ✓
  Fiskale maatreëls soos belasting en openbare lenings en tekortfinansiering moet behoorlik gebruik word sodat produksie en verbruik en verspreiding nie nadelig mag raak nie.✓✓
- Billike verdeling van inkomste en welvaart✓
  Om ongelykhede en verspreidende geregtigheid te verminder, moet die regering belê in daardie produktiewe kanale wat voordeel voorsien vir lae-inkomstegroepe en help om hul produktiwiteit en tegnologie te verhoog.✓✓

(Enige 3 × 3) (9)

5.4 5.4.1
- Groei het betrekking op die toename in die reële bruto binnelandse produk per capita, gemeet aan die gemiddelde toename in die hoeveelheid goedere en dienste per capita van die bevolking.
- Ontwikkeling is die proses waardeur die lewenstandaard van die meerderheid van die mense in 'n land verbeter.

5.4.2
- Swewende wisselkoers is 'n regime waarvolgens die wisselkoers vasgestel word deur die valutamark wat baseer is op vraag en aanbod in vergelyking met ander geldeenhede.
- Vaste wisselkoers is 'n soort regime waar 'n geldeenheid se waarde vasgestel word teen die waarde van 'n ander enkele geldeenheid of 'n mandjie ander geldeenhede.

5.4.3
- Privatisering is die oordrag van 'n besigheid, nywerheid of diens van openbare tot private eienaarskap en beheer.
- Nasionalisering is wanneer 'n regering kies om 'n bedryf in staatsbesit te neem om die voorsiening van 'n goedere of diens te beskerm.

5.4.4
- Geldloon is die hoeveelheid geld wat verdien word en neem nie veranderinge in prysvlakke in ag nie.
- Reële loon is die loon aangepas vir inflasie of loon in terme van die hoeveelheid goedere en dienste wat gekoop kan word.

(4 × 4) (16)

5.5 Migrasie het 'n spesifieke uitwerking op die arbeidsvoorsiening. Weens die politieke onsekerheid, geweld en lae ekonomiese groeikoers, verloor die land groot hoeveelhede mense wat na ander lande migreer. Emigrante verminder arbeidsaanbod. (3)

Kopiereg voorbehou

5.6 Maatskappye eis arbeiders teen lae lone en daar sal minder arbeid, d.w.s. tekort aan arbeid wees totdat die loonkoers verhoog word. Teen hoër lone sal daar meer aanbod wees (oorskot van arbeid) terwyl werkers minder arbeid verlang. Hierdie wedstryd in loon gebeur tot wat deur firmas gevra word, gelyk is aan wat die arbeiders bereid is om te neem – ewewig. (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou